

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:3-17Teks: **1 Johannes 2:3-6**Sing- **Ps. 138:1,3; Ps. 147:4; Sb.15:2,4,7 (16-1) Sb.1:1,4,5 (4-1)****1 Johannes 2:3-17****1Jn 2:3** En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooië bewaar.**1Jn 2:4** Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooië nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.**1Jn 2:5** Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.**1Jn 2:6** Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.**1Jn 2:7** Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af gehoor het.**1Jn 2:8** En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.**1Jn 2:9** Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.**1Jn 2:10** Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.**1Jn 2:11** Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.**1Jn 2:12** Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.**1Jn 2:13** Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken.**1Jn 2:14** Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.**1Jn 2:15** Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.**1Jn 2:16** Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.**1Jn 2:17** En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.**Skriflesing:** 1 Johannes 2:3-17Teks: **1 Johannes 2:3-6**Sing- **Ps. 138:1,3; Ps. 147:4; Sb.15:2,4,7 (16-1) Sb.1:1,4,5 (4-1)**

Broeder en suster- In hierdie eerste Johannes-brief waarmee ons nou reeds 'n hele ruk mee besig is, het ons tot nou belangrike dinge moes raaksien. Die groot tema gaan daaroor dat die kind van God waarlik uit God is. Dit wat sentraal staan is 1 Joh. 5:19- **19** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.* Maak nie saak waar ons onself in die brief bevind nie, dit het elke keer nog weer met hierdie sentrale vers te doen gehad. Direk hiermee saam het ons eintlik 'n paar ander belangrike sake na vore moes bring. Johannes was reeds oud toe hy hierdie dinge geskryf het, hy die dissipel van die Here wat altyd naby die Here was. Hy wat self die dinge onthou wat hulle gesien het, gehoor het, hoe hulle self aan Jesus kon gevat het. Jesus is waarlik mens, in alles mens soos ons, uitgesonder die sonde.

Hierdie tasbare getuienis is belangrik want het Johannes hierdie verdwaalde gelowiges, klein in getal, wydversprei in klein groepies oor die groot stad Efese daarop moes wys dat hulle moet waak teen die dwaling van die Gnostiek, wat wou voorgee dat Jesus 'n skynliggaam gehad het. Jesus was hiervolgens nie waarlik mens nie. Hy het ook eers die goddelike natuur in Hom gekry toe Hy gedoop is, want glo die Gnostiek die liggaam is soos 'n tronk vir die gees en het die Heilige Gees wat op Jesus gekom het, toe Hy gedoop was, eers op daardie stadium Hom as goddelike persoon, ja toe eers was Jesus God. Daarmee het Johannes hierdie dodelike dwaling in die kiem wou smoor.

\*\*\*

Johannes in sy evangelie en in sy briewe, ja ook in Openbaring, elke keer wys Johannes op Jesus se ware Godheid, ook sy volle mensheid. Dit is eintlik 'n besondere onderskeid wat ons tussen die evangeliste kan maak. Mattheus wat altyd Jesus se koms sien as vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë, wat dikwels die uitdrukking gebruik dat Jesus dinge gedoen het sodat vervul kan word dit wat die profeet hier en weer daar gesê het. Markus wat weer hoofsaaklik aan mense geskrywe het met besonder Romeinse verbintenis, waar hyself ook eers 'n amptenaar vir die Romeine was (tollenaar), daarom beklemtoon Markus die aktiewe daadkrag van Jesus, Jesus wat nie maar net gepraat het nie, Jesus het gedoen wat Hy sê. Op die onmiddellike van Jesus se werk het ons in Markus dikwels die woord- “dadelik”- hoe daar onmiddellike uitwerking was as dit Jesus is wat werk. Lukas die mediese dokter het in sy evangelie, ook in Handeling het Lukas noukeurig wetenskaplik te werk gegaan. Hy is eintlik 'n besondere historikus wat klem lê op die menslike kant van ander se swaar en seerkry en hoe Jesus mense in hulle nood nie verbygegaan het nie. Jesus wat genees en krag en lewe kan gee. Handeling dan gaan dit oor die grootheid van die opgevaarde Christus. Daarmee staan Lukas in lyn met Johannes. Johannes is heeltemal in lyn hiermee waar hy beslis ook Jesus as Mens geken het, maar ook as God, die Seun van God om in sy krag en heerlikheid mense in hulle geloof by God uit te bring, want alleen hulle wat uit God is, kan waarlik by God uitgebring word.

\*\*\*

Daarom dat ons in hierdie Johannes-brief al fyn moes oplet vir wat ons besef ons belydenis oor die uitverkiesing ons leer. Om uitverkies te wees en om die ewige lewe te ontvang is by Johannes een saak. Daarom dat hy in plaas van die uitverkiesing dan verwys na hulle wat die ewige lewe ontvang het. Johannes gebruik nie dikwels direk die woord uitverkies nie, maar het u teen hierdie tyd al dit goed moes onderskei, Johannes laat baie sterk die klem val op is jy wedergebore of nie, is jy uit God of nie uit God nie. Is daar by jou waarlik 'n verlange om

deel van die huisgesin van God te wees. Is ek deel van die probleem of is ek deel van die oplossing in van die vermaninge wat ons uit hierdie deel van God se Woord onself duidelik onder die Johannese vergrootglas moes plaas. 'n Vergrootglas laat ook nie net die dinge groter lyk dat dit beter gesien kan word nie, maar in die glas van die vergroting kom daar 'n brandpunt wat die lig die skerpste weergee as die son daarin saamtrek. In daardie brandpunt het ons Johannes dit hoor sê – GOD IS LIG EN GEEN DUISTERNIS IS IN HOM NIE.

\*\*\*

Dit het ons laat beseft God is heilig. Daar is geen donkerte, geen skadukant, geen hoekie waarin daar enige kwaad en bedrog diep en weggesteek voor God kan wees nie. Daarom dat Johannes ons vermaan en oproep dat ons nie langer moet sondig nie. Hy praat soos 'n pa met sy kinders. In die huisgesin van God, God se Kerk, is ons God se kinders, daarom dat ons God se stem soos die stem van 'n Vader met ons kan hoor praat. Om in hierdie gesin van God gebore te mag wees is om dan waarlik wedergebore te wees. Jy kom as nuwe mens in God se nuwe gesin. Dit is alleen die wedergeborenes wat in God se wêreld, God se koninkryk kan inkom. As jy waarlik wedergebore is, hoef jy in alle geval nooit te twyfel en daarvoor te wonder is ek waarlik uitverkies nie. Dit is presies waarby ons teksverse ons vandag by wil uitbring.

\*\*\*

'n Wedergeborene hoef oor sy uitverkiesing nie te twyfel nie, maar Johannes vat dit net nog 'n hele ent vêrder. 'n Wedergebore ontvang geloof, geloof wat jou geskenk word, maar wil Johannes hê dat die ware gelowiges moet nie in onsekerheid hulle geloof uitlewe nie. Gelowiges moet sekerheid kan hê, gelowiges moet weet ek wat uit God gebore is, ek kan Jesus ken. Dit staan so duidelik in vers 3-4: *3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy geboorte bewaar. 4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy geboorte nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie...* Vers 4 koppel hierdie ongehoorsaamheid aan leuenagtigheid, wie God se wil, wie God se geboorte in die wind slaan, staan sonder enige sekerheid en daar is geen waarheid in so 'n mens nie. So 'n mens het deel van die groter probleem geword, die probleem wat ons altyd in die Here se kerk sal kry. Die ding dat mense kan voorgee dat hulle kinders van God is maar kom dit werklik aan op die toets van God se geboorte, dan kan hulle lewe hulle huigelary nie wegsteek nie. 'n Huigelaar is niks anders as 'n leuenaar nie. Die Here sê deur Johannes- *die waarheid is nie in hom nie.*

\*\*\*

Tog is ons teks nie gestol in die probleem van die negatiewe nie, maar is daar altyd die mense wat die Here die pad vêrder mee loop. God maak hulle deel van 'n oplossing dat hulle vir die

ware kerk die ware liefde van God in Christus Jesus kan wys. Hierdie liefde kan die kerk van die Here ingedra word. Uit God se heiligheid, die lig wat God is, vanuit die lig kom die liefde die mens tegemoet. Luister weer mooi hoe omvattend vers 5 die liefde laat werk. Liefde is altyd 'n werkwoord, dit was nog nooit bedoel om maar net 'n naamwoord, 'n soort van toestand aan te dui nie. *5 Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.*

Die werkwoord is BEWAAR... Bewaar die Woord van God, dit is 'n aktiewe daad, dit is die opdrag. God laat die bewaring liefde word, die liefde word dan geleef net soos die bewaring toegepas en uitgelewe word. Soos daar volkome blydschap in ons kan wees, (1:4), kom daar nou ook volmaakte liefde na ons. In 'n gehoorsame mens word die liefde iets onbeskryflik groot, Johannes sien dit is volgemaak, dit is waarlik volmaak.

\*\*\*

Ons teks gaan nog dieper op hierdie volmaakte liefde die fokus plaas. Onthou dit gaan oor geloofsekerheid, ons wat mag weet dat ons Hom ken. As jy waarlik seker kan wees dat jy vir Jesus ken, dan kan jy seker wees God het Hom aan jou verbind. Hier gaan dit om God wat in jou wil bly. God se bly in jou is mos niks anders as om te glo God het Homself aan my verbind. Onlosmaaklik word hierdie verhouding tot God deur volkome liefde vir Christus uitgebou. Sulke verbonde mense, gebonde aan God se gebooie, gebonde aan Christus, raak al meer gebonde aan God wat Homself al nader aan ons wil plaas. Ons kan so naby aan God wees, soos wat Christus aan God is. Is dit nie die implikasie van vers 6 as u weer mooi daarna luister nie- *6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.*

Dit gaan nou om in God te bly en met God te wandel. Dit word al hoe groter en meer omvattend die blote feit dat God ons in Jesus Christus Homself kom wys het, God het Homself in Jesus Christus kom openbaar deur in Christus te wys die dinge wat Hy ook van ons kan verwag. In die dinge wat jy doen en in wat jy is daarin wys jy wie jy werklik is. Wie jy vir God is, al kan ander mense dit nie raaksien nie, God sien alles raak.

Daar kom dit op aan, deur nie jou gevoelens en jou emosies en allerhande idees oor wie ek dink God is myself in te dink en voorop te plaas nie, maar los al hierdie dinge en doen 'n slag wat God in sy Woord, in sy gebooie van ons verwag, dan gaan jy God ken in Wie Hy waarlik is en Wie Hy waarlik vir jou wil wees. Die God wat jou waarlik in sy liefde omvou, die God

wat vir jou sê- vir jou is ek LIEFDE. My liefde is vir jou. Die liefde wat dan volmaak geword het.

Ons moet geen illusie hê oor wat hier staan nie. Ons moet Jesus in ons optrede en gesindheid navolg. In Jesus kan ons werklik leef soos God dit vir ons bedoel het om te leef. Ons begin anders te wees as die wêreld, ons begin dinge anders te doen as hoe ek dit tot op hierdie stadium in my lewe gedoen het. Hoe ons in gewoontes kon verval, onself van sondige praktyke bekeer, deur op te hou myself te regverdig in dinge wat ek werklik diep in my hart weet, in wat ek nou besig is om te doen het ek eintlik geen verskoning nie, al sal ek vormense allerhande verskonings wil aanbied. Na alles sal jy vir jousef diep in jou hart kan sê ek weet dat God weet hierdie is geen verskoning nie, want ek besef ek is nie besig om Jesus na te volg in wat ek nou besig is om te doen nie. Ek het God se geboorte maar ek steur my nie daaraan nie. Dan kom maar weer die vraag het ek deel van 'n oplossing geword of bly ek deel van 'n probleem. Is dit hoe 'n wedergeborene maak, die een wat uit God is, uit God gebore is.

Ons wat behoort te wandel soos Christus gewandel het. Dit wil die gryse apostel ons op hierdie Sondagmôre goed laat raaksien. Jesus moet nog altyd vir jou en my 'n voorbeeld wees van hoe ons lewe moet lyk en hoe ons optree. Ons het die geboorte, ons het in Christus 'n volmaakte voorbeeld wat God van ons verwag, wat meer wil ons hê?! Na alles is dit van elke een wat vandag hier sit 'n voldonge feit WIE JY IS, IS WAT JY KAN DOEN EN WAT JY KAN DOEN WYS WIE JY IS.... As u werklik navolger van Christus is, dan sal ons Hom volg, ook in wat God se geboorte van ons eis en wanneer ek dit doen, dan bepaal dit wie ek is, ek is dan sy navolger. Dan is ek deel van God se plan, ek is dan uit God gebore, waarlik wedergebore, wat 'n oplossing vir ons reeds gegee het, ons het Iemand om na te volg, doen ek dit nie, dan sal ek net nog langer deel wees van dit wat reeds lankal deel van ons is, ons is dan deel van 'n probleem en nie deel van 'n oplossing nie.

Dan slaan ons wel oneindig hoog op hul die oog wat nederig lewe. Broeder en suster, die werklik nederige moet u nou ook in die tweede erediens tegemoetgaan. Ons sien Hom in art 21 Nederlandse Geloofsbelydenis as waarlik Hoëpriester, wie sy sweet vir ons op die grond laat val het. 'n Hoëpriester wat vir ons gebloe het, waarom is dit waar ons nie eers hoef te bloei nie, maar ons vind dit baie swaar om Hom te volg, om te doen wat Hy vra.

Dit moet vir jou en my 'n voorreg wees. Wat kan nou 'n groter voorreg wees as om kind van God te mag wees. Om Jesus te bewonder, Hom na te volg, om Hom waarlik te ken, seker te wees waarheen is ek op pad. Ja, om te weet dat die Vader Hom onlosmaaklik aan jou verbind het, dat ons Johannes se woorde mag gebruik- dat *jy in Hom mag bly*. Dit gaan op slot van sake om die voorbeeld van die wingerd waar dit op die lewe na terugkom- Joh. 15:5- *5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*

Daar hoef nie buitengewone dinge, vreemde goed op jou pad te kom, allerhande emosionele grootdoenerigheid, goed waarmee ek mense mee wil beïndruk nie, God kan in alle geval nie deur mense beïndruk word nie. Ek hoef niks hiervan my mee op te saal nie, dit gaan werklik ook nie oor wat ander mense van jou dink of van jou sê nie, op 'n manier maak dit nie eers saak wat ek van myself dink nie, al wat saak maak is hoe die Here na jou kyk en hoe die Here oor jou voel. Dis al, maar dis werklik nie klein nie. Al wat jy na jouself moet kyk is maar weer die groot akkoord van ons teks vandag- *3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy geboorte bewaar.* Daarom die vraag KEN JY HOM WERKLIK? Ek en jy het werklik 'n toets. Daarom dat ons onself 'n slag behoorlik toets. Dit is al wat gevra word.

AMEN